

Sondag 7 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 14:1-31

Fokusgedeelte: Eksodus 14:14

Wees kalm, die Here baklei vir jou

Die Israeliete was haastig om te trek. Die skoene was aan die voete, die kerie was in die hand. Nou het hulle egter hulleself in die see vasgeloop. Hulle was onseker toe hulle begin reis het, maar nou is hulle seker van hulle dood. Hulle lê onmiddellik 'n klag teen Moses. Hulle begin dadelik om geraas te maak.

Die Israeliete gaan selfs sover om te sê dat hulle lievers die farao sal dien, hulle sal lievers weer slawe wees as om in die woestyn te sterf. Hulle vertrou die farao met hulle lewens, maar sukkel om die Here te vertrou. Met die stormloop van perde en strydwaens het die Israeliete vergeet van die Here se kragtige daed en hulle fokus nou net op die vyand se krag. Dit is so hartseer, want die vorige hoofstuk gaan juis daarvoor dat jy herinner moet word aan die Here se kragtige daed.

Dan kom die opdrag: "Staan vas! Kyk hoe die Here julle gaan red." Die fokus moenie op die vyand se krag wees nie, want daar is geen mag groter as die Here se mag nie. Daar behoort gefokus te word op die Here se redding. Daarom moes die Israeliete kalm bly. Die Here voer self die oorlog. Die Here gaan self vooruit.

Baie van ons fokus ook te maklik op die vyand se krag. Ons moet val in ons skoene soos wat ons die doodloopstraat hier voor ons sien. Maar die Here se krag is altyd groter.

Sing: Psalm 2-1:1-3

Ds. Z van't Zand (Zander) (MiddelburgMpumalanga)